die erf se oosgrens, geleë op die eiendom beskryf as Sekere Erf 299, geleë aan Du Toit- en Vermeulenstraat, in die stad Pretoria, en groot 71 020 (een-en-sewentigduisend en twintig) vierkante voet.

Sertifikaat van Verenigde Titel 2205/1945, gedateer 30 Januarie 1945.

*Historiese en argitektoniese belang*

Die hoeksteen van hierdie kerkgebou, wat in die Hollandse Renaissance-styl ontwerp is, is op 18 Julie 1904 deur genl. Louis Botha gelê en die gebou is op 24 Februarie 1905 in gebruik geneem. Dit is die oudste Nederduitsch Hervormde Kerkgebou in Pretoria, en die geskiedenis daarvan is nóú verweef met die geskiedenis van die ontwikkeling van die Afrikaanse susterkerke in Transvaal. 10/2/759

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

and the stand's eastern boundary, situated on the property described as certain Stand 299, situate on Du Toit and Vermeulen Streets, in the City of Pretoria, measuring 71 020 (seventy-one thousand and twenty) square feet.

Certificate of Consolidated Title 2205/1945, dated 30 January 1945.

*Historical and architectural interest*

The corner-stone of this church building, which was designed in the style of the Dutch Renaissance, was laid on 18 July 1904 by General Louis Botha and the building was taken into use on 24 February 1905. It is the oldest Nederduitsch Hervormde Church building in Pretoria and its history is closely interwoven with the history of the development of the Afrikaans suster churches in the Transvaal. 10/2/759.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

---

No. 453 14 Maart 1980

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE CUYLER MANOR-OPSTAL TE UITENHAGE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby 'n gedeelte van die oorspronklike Cuyler Manor-plaas, met die historiese woonhuis, asook die gastehuis, die koets- en waenhuis en die meulhuis daarop, te Uitenhage, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom bekend as Cuyler Manor, met die historiese geboue en strukture daarop, synde ongeveer sewe hektaar grond geleë op Plaas 320/1, distrik Uitenhage, en begrens aan die noordekant deur TR 15/1, aan die suide- en die westekant deur grond onteien deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë vir spoorwegwerkswinkels, en aan die ooste- kant deur 'n lyn wat parallel met die westelike grens van Plaas 320/1 loop op 'n afstand van 260 meter oos daarvan, soos aangetoon op Diagram 2052 1B wat geliasseer is in die kantore van die Munisipaliteit van Uitenhage en die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

Transportakte 32405/1965, gedateer 22 Desember 1965.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie oorwegend Kaaps-Hollandse plaasopstal is in 1814 deur kolonel Jacob Glen Cuyler, landdros van Uitenhage, opgerig. Kolonel Cuyler was ten nouste verbonde met die vestiging van die Britse Setlaars van 1820. 10/2/757.

T. N. H. JANSON, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 453 14 March 1980

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE CUYLER MANOR HOMESTEAD, AT UITENHAGE

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of National Education, hereby declare a portion of the original Cuyler Manor farm, with the historic dwelling, as well as the visitors' house, coach-house, wagon-house and mill-house thereon, at Uitenhage, to be a national monument.

*Description*

The property known as Cuyler Manor with the historic buildings and structures thereon, being approximately seven hectares of land situate on Farm 320/1, District of Uitenhage, and bounded on the northern side by TR 15/1, on the southern and western sides by the land appropriated by the South African Railways for railway workshops and on the eastern side by a line running parallel to the western boundary of Farm 320/1 at a distance of 260 metres east thereof, as shown on Diagram 2052 1B which is filed in the offices of the Municipality of Uitenhage and the National Monuments Council.

Deed of Transfer 32405/1965, dated 22 December 1965.

*Historical and architectural interest*

This predominantly Cape Dutch homestead was erected in 1814 by Colonel Jacob Glen Cuyler, landdrost of Uitenhage. Colonel Cuyler was closely associated with the settlement of the British Settlers of 1820. 10/2/757.

T. N. H. JANSON, Minister of National Education.

---

No. 454 14 Maart 1980

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE OU STALLE BY OATLANDS, SIMONSTAD

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister van Nasionale Opvoeding,

No. 454 14 March 1980

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE OLD STABLES AT OATLANDS, SIMONSTOWN

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Teunis Nicolaas Hendrik Janson, Minister of